Die Arfikaanse Bybel as ware weergawe van die Woord van God

Dr. Willem de Waal

Goeie more

Graag stuur ek hiermee groete uit die buiteland.

Dankie vir die uitnodiging om ’n bydrae te maak. Dit is vir my ’n voorreg.

As ons na Bybelvertalings kyk, moet ons kennis neem van die *New Age* beweging se invloed in ons nuwe Bybels. Maar voor ons dit kan doen, moet ons verstaan hoe die *New Age* beweging ons raak en daarvoor moet ons wyer kyk.

[verkort]

Eerstens is die Afrikaner ’n *New Age* eksperiment om ander bevolkings, wat dit sou waag om hul eie identiteit te handhaaf, uit te roei. Daar is hoeveel sosiologiese studies aan die gang, met die vinger op die Afrikaner se pols om te sien watter gif hom sy laaste asem laat uitblaas.

Tweedens is baie van die Afrikaners volgelinge van God en Jesus Christus, wat deur die *New Age* beweging uitgewis moet word.

Derdens is Suid-Afrika een van die min lande in die wêreld wat weens sy minerale rykdomme in isolasie kan bestaan. ’n Onafhanklike Suid-Afrika sal hul planne vir wêreldoorheersing suksesvol kan teenstaan. Verder is Suid-Afrika se strategiese ligging van uiterste belang vir een van hul belangrikste handelsroetes.

En vierdens en waarskynlik die belangrikste rede vir die *New Age* beheptheid met die Afrikaner, is die term *Apartheid.* Dié term wat deur die Afrikaner geskep is, is vir die *New Age* beweging ’n belangrike propaganda instrument.

Apartheid is die antitese van *Tolerance*. Waar *Tolerance* die wortel is, is *Apartheid* die stok waarmee die wêreld se bevolking in die *New Age* Eenwêreldhok gelok en gedwing gaan word. Let op hoe Israel tans van *Apartheid* aangekla word. Dit sal die lot wees van elke bevolking wat deur die handhawing van hul eie identiteit die *New Age* planne vir wêreldoorheersing bedreig.

Maar die *New Age* beweging het nóg gróter planne met *Apartheid.* Dit gaan na verwagting gebruik word om ware Christene uit te roei. Ware Christene weet dat verlossing slegs deur Jesus Christus bekom word, omdat Hy vir ons sondes betaal het; en dat verlossing nie deur goeie werke bekom kan word, soos die ander gelowe voorgee nie. Daarom sal ware Christene nie die volgelinge van ander gelowe as medegelowiges aanvaar nie. Op grond hiervan kan ware Christene verwag dat hul van *Apartheid* aangekla en vervolg gaan word. Dit sal onder die voorwendsel geskied dat hulle wêreldvrede bedreig.

Let op dat die verwerping van *Apartheid* 'n skyn van geregtigheid het, terwyl dit nie konsekwent toegepas word nie. 'n Voorbeeld is die brutale optrede van Suid-Afrikaanse Swartes teenoor Swartmense uit stamme van ander dele van Afrika. Teen hierdie skreiende vorm van *Apartheid,* wat eufemisties *Xenofobia* genoem word, is daar vanuit die Internasionale Gemeenskap nie 'n sweem van beswaar nie. Geregtigheid is nie vir hulle 'n oorweging nie! Waar *Apartheid* die *New Age* beweging se planne bevorder, word dit toegelaat. *Xenofobia,* wat Afrika fragmenteer, verskaf aan *New Age* beplanners groter geleenthede en toegang tot Afrika se rykdomme.

Hierteenoor moet ware Christengemeenskappe geen *Tolerance* verwag nie. Die *New Age* beweging sal geen steen ongeroer laat om hierdie gemeenskappe te vernietig, of toe te sien dat hulle vernietig word nie. Ek is daarvan oortuig dat die Internasionale Gemeenskap se stilswye oor die moorde op Afrikanerboere en Afrikaners, hieraan toe te skryf is.

So, wat is die *New Age* beweging?

Die *New Age* beweging, wat tans 'n moderne fasade voorhou, wat name insluit soos *New Age* beweging, *New World Order* en *New Civilisation,* is in werklikheid so oud soos die mens self. Dit word teruggevoer na Satan se opstand teen God.[1] Dit is in essensie 'n manifestasie van Satan om die mens van God en Jesus Christus te vervreem en te verhoed dat die mens deur Jesus Christus verlos word.

Dit word tans voorgehou as 'n spontane netwerk van wêreldwye onverwante organisasies wat dieselfde waardes deel. Een van die onderliggende strominge is die akkommodering van alle godsdienste en kulture. Dit is gebaseer op die uitgangspunt dat alle godsdienste uit dieselfde geloof spruit en dus dieselfde "god" aanbid. Hiervolgens kan volgelinge van verskillende godsdienste mekaar nou na bewering as medegelowiges aanvaar; en so die konflikte van die verlede vervang met vrede en versoening. Die beweerde einddoel is Wêreldvrede.

As verby die misleiding in die *New Age* beweging gekyk word, is dié beweging, wat spesifiek téén God en Jesus Christus gerig is, fundamenteel 'n spieëlbeeld vervalsing van die Christengeloof:

Lucifer (Satan) word as *God* aanbid, instede van God en Jesus Christus.[2]

Die beweging propageer 'n *Christ* met die naam *Maitreya,*[3] met volgelinge wat hulself "Christene" noem. Daarenteen is hulle Jesus Christus en Sy volgelinge vyandiggesind,[4] alhoewel hulle voorgee dat volgelinge van Jesus Christus in hul beweging welkom is.

Die Bybel word nie verwerp nie, maar voorgehou as die hoogste godsdienstige openbaring, met die geskrifte van ander gelowe wat na bewering dieselfde waarheid verkondig. Na bewering is almal tot *Lucifer* gerig.[5] *New Agers* wat die Bybel lees, doen dit met die voorbehoud dat die negatiewe verwysings na Satan omgedraai moet word. Só word die slang 'n heilige dier, 666 'n heilige nommer, ens.[6] Die *New Age* beweging beskou die geskiedenis van Satan in die Bybel as hul eie.

Die New Age beweging lê groot klem op goeie werke, om te bewys dat *Lucifer* die "goeie god" is.

Een van die eerste moderne manifestasie van die *New Age* beweging was die *Theosophical Society* wat in 1875 deur Helena Blavatsky gestig is.[7] Dié organisasie en Blavatsky se verbintenis tot *Lucifer* (Satan) is openlik verkondig in dié organisasie se maandelikse publikasie die *Lucifer Magazine*.[8]

Bevestig dit self op die Internet. Tik in *Blavatsky* en *Lucifer Magazine*.

Hou in gedagte dat daar vir elke bron wat die waarheid oor die *New Age* beweging op die Internet verkondig, talryke bronne is wat dit diskrediteer. Maar as ’n mens eers die waarheid ken, is dit maklik om die waarheid van misleiding te onderskei.

Een van Helena Blavatsky se volgelinge was Adolph Hitler. Sy Nazi beweging was in werklikheid ’n vertakking van die *New Age* beweging.

Bevestig dit ook op die Internet. Tik in *Blavatsky* en *Hitler*.

Nog twee van Blavatsky se metgeselle, wat saam met haar geeste opgeroep het,[9] was die Britse Bybelvertalers, B.F.Westcott en F.J.A.Hort. Hulle het ’n nuwe Nuwe Testament geproduseer, wat onder andere in die *Nuwe Afrikaanse Vertaling van die Bybel* en die *Nuwe Lewende Vertaling in Afrikaans* verskyn. Hulle was nie net in spiritisme betrokke nie, maar was leiersfigure en stigters van spiritistiese organisasies in Cambridge.[10] ’n Beskrywing van hul spiritistiese aktiwiteite verskyn op die Suid-Afrikaanse Christen Netwerk se webwerf www.sacn.info

B.F.Westcott se betrokkenheid by die kommunikasie met dooies, is as volg beskryf in dr. J.C.Erasmus in haar boek *Skrifgesag: Manuskripte en Bybelvertaling, Deel 1:*

“Jare later (1880) skryf Westcott in *Historic Faith* oor sy geloof aan gemeenskap met die dooies dat dit onafhanklik van beperkinge van tyd en ruimte is. ‘Met die hulp van baie onderwysers is ons besig om die omvang en gesag van die heerskappy wat die dooies oor ons het te leer ken … Dit begin vir ons duidelik word dat ons letterlik deel van ander is en hulle van ons … Individuele gemeenskap met die geesteswêreld word versnel en gerig op ***All Saints Day*** … En daar is geen beperking aan hierdie **inspirerende** gemeenskap (communion) nie. Dit omsluit die lewendes en die dooies’.”[11]

Westcott en Hort het ’n nuwe Nuwe Testament geproduseer uit die amalgamasie van twee Rooms-Katolieke manuskripte, die *Codex Sinaiticus* en die *Codex Vaticanus.* Dit is in 1881 as die *British Revised Version* gepubliseer. Dieselfde grondteks is gebruik vir die Nuwe Testament in die *Nuwe Afrikaanse Vertaling van die Bybel* en die *Nuwe Lewende Vertaling in Afrikaans*.

(Die verbintenis tussen die *New Age* beweging en die Rooms-Katolieke Kerk word nie hier bespreek nie. Dit word breedvoerig beskryf in die boek *Tot hiertoe en nie verder nie.)*

Enkele voorbeelde van verskille tussen die Tradisionele Teks, wat hier geneem is uit die *Ou Afrikaanse Vertaling van die Bybel* (**OV**);[12] en die geamalgameerde *Codex Vaticanus/Codex Sinaiticus,* wat hier geneem is uit die *Nuwe Afrikaanse Vertaling van die Bybel* (**NAV**)[13] en die *Nuwe Lewende Vertaling in Afrikaans* (**NLV**),[14] is:

Matthéüs 18 vers 11:

OV: “Want die Seun van die mens het gekom om te red wat verlore is”.
NAV: Dié vers is uitgelaat.
NLV: Dié vers is uitgelaat.

Markus 11 vers 26:

OV: **“Maar as julle nie vergewe nie, sal julle Vader wat in die hemele is, ook julle oortredinge nie vergewe nie.”**
NAV: Dié vers is uitgelaat.
NLV: Dié vers is uitgelaat.

Die volgende onderstreepte dele in die Tradisionele Teks (**OV)** is uitgelaat in die geamalgameerde *Codex Vaticanus/Codex Sinaiticus* (**NAV**, **NLV)**:

Lukas 4 vers 4:

OV: **“Maar Jesus antwoord en sê vir hom: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, <u>maar van elke woord van God</u>.”**
NAV: “Maar Jesus antwoord hom: ‘Daar is geskrywe: ’n Mens leef nie net van brood nie.’”
NLV: “Maar Jesus het vir hom gesê: ‘Nee! Die Skrif sê: ‘’n Mens het meer as brood nodig om van te lewe.’’”

Lukas 9 verse 55, 56:

OV: **“Maar Hy draai Hom om en bestraf hulle en sê: <u>Julle weet nie van hoedanige gees julle is nie; want die Seun van die mens het nie gekom om die mense se lewe te verderf nie, maar te red.</u> En hulle het na ’n ander dorp vertrek.”**
NAV: “Maar Hy het omgedraai en hulle skerp tereggewys. Daarna het hulle die reis voortgesit na ’n ander dorp toe.”
NLV: “Maar Jesus het omgedraai en hulle tereggewys. Hulle het toe na ’n ander dorpie toe gegaan.”

Op sommige plekke is die boodskap van die Bybel verander. ’n Voorbeeld is:

Matthéüs 5 vers 22:

OV: **“Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder <u>sonder rede</u> kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg …”**
NAV: “Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat vir sy broer kwaad is, is al strafbaar voor die regbank. …”
NLV: “‘Maar Ek sê vir julle, elkeen wat vir sy medemens kwaad bly, sal al klaar voor die regbank moet verantwoording doen.’”

Volgens die ware Nuwe Testament mag jy kwaad word, maar nie <u>sonder rede</u> nie. Volgens die geamalgameerde *Codex Vaticanus/Codex Sinaiticus* wat in die *Nuwe Afrikaanse Vertaling van die Bybel* en die *Nuwe Lewende Vertaling in Afrikaans* verskyn, mag jy nie kwaad word nie.

So, wat sou ’n aanvaarbare reaksie wees op ’n *New Age* beweging, wat ons nie net polities ingeloop het nie, maar ook die Bybel verander het. In my opinie is dit ’n geldige Bybelse rede om oor kwaad te word en vereenselwigbaar met Matthéüs 5 vers 22 in die ware Nuwe Testament.

Daarenteen sou dit verkeerd wees om kwaad te word volgens die *Nuwe Afrikaanse Vertaling van die Bybel* en die *Nuwe Lewende Vertaling in Afrikaans.*

Ons het hier met ’n ander gees te doen, wat in ’n ander rigting stuur. Dit is nie die Heilige Gees nie.

Voorstanders van die geamalgameerde *Codex Sinaiticus/Codex Vaticanus* is gou om uit te wys dat die Bybelboodskap ten spyte van hierdie weglatings, steeds elders in die Bybel aangetref word - wat op geen manier die weglating van Bybelgedeeltes regverdig nie! Wat as daar elke paar honderd jaar nóg gedeeltes weggelaat word?

Dit lyk asof die motief agter die Bybelveranderings was om ’n ander teks te implimenteer - een met weglatings, foute en vraagtekens. Nie te veel nie, anders sou dit agterdog wek. Net genoeg, om die Bybel se outoriteit onder verdenking te bring. Ware Christene moes self tot die gevolgtrekking kom dat ’n Heilige Gees geïspireerde Bybel ’n mite van menslike oorsprong is; en self die ware Bybel prysgee.

Voorstanders van die geamalgameerde *Codex Sinaiticus/Codex Vaticanus* teks is verder van opinie dat gelowiges vir bykans 2000 jaar ’n valse Nuwe Testament gevolg het. Volgens hulle het die ware Nuwe Testament 131 jaar gelede vir die eerste keer op die toneel verskyn, met die publikasie van die geamalgameerde *Codex Sinaiticus/Codex Vaticanus*!

Westcott en Hort, wat nou as *New Agers* geïdentifiseer word, was ook geassosieer met die *Oxford-Movement*[15] wat in 1833 vanuit die Universiteit van Oxford ontstaan het.[16] Die doel van dié beweging was die infiltrasie en beïnvloeding van Protestante om uiteindelik amalgamasie met die Rooms-Katolieke Kerk te aanvaar. Dié ondermyning is deur die Anglikaanse Kerk gekanaliseer.[17]

Waar algemene lidmate van die Rooms-Katolieke Kerk in die verlede verbied is om Bybels te besit, word hierdie nuwe Bybels tans ook onder Rooms-Katolieke versprei. Buiten die Apokriewe boeke, wat in Rooms-Katolieke uitgawes verskyn, het Protestante en Rooms-Katolieke nou dieselfde Bybels. Die oogmerk is dat dit as basis sal dien vir die amalgamasie van Protestante en Rooms-Katolieke, wat tans onder die vaandel van ’n Ekumeniese beweging gepropageer word. Hierna beplan die Rooms-Katolieke Kerk skakeling met die ander gelowe van die wêreld.

En voordat ons by die volgende punt kom, wil ek eers vir dr. Jeanette Erasmus bedank. Sy was die eerste persoon wat die geknoei in ons Bybelvertalings aan die lig gebring het, met haar boek *Bewaar my Woord: Kritiek op die Nuwe Afrikaanse Vertaling van die Bybel.*[18]

Voordat ons klaarmaak met die *New Age* beweging, is hier nog ’n verbintenis wat in oënskou geneem moet word.

Alice Bailey het Helena Blavatsky opgevolg as hoëpriesteres van die *New Age* beweging. Sy het *The Plan* vir die huidendaagse *New Age* beweging as ’n spiritistiese medium ontvang van haar *spiritguide Djwal Khul.* Kah beskryf dit:

“She had also compiled twenty-four books, a total of 10,469 pages, most of which were allegedly written in a trance state through her spirit guide, known as Djwhal Khul, or the Tibetan.”[19]

Dr. Jannie Malan, voormalige predikant van die NG Kerk, Aasvoëlkop, en Moderator van die Suid-Transvaalse Sinode, beskryf Alice Bailey se verbintenis met *Djwal Khul.* Hy skryf in sy artikel *Misleidende ‘New Age Movement’ ook in SA bedrywig* in *Die Kerkbode* van 7 Julie 1989 onder die opskrif *Alice Bailey*:

"Hierdie Engelse vrou wat later in die VSA gewoon het, het op dié fondamente voortgebou en is die eintlike grondlegster van die New Age Movement. Sy is 'n spiritis wat haar boodskappe ontvang van die sogenaamde Wysheidsmeester, Djwal Khul van Tibet. Sy skrywe hierdie boodskappe neer in boeke wat genoem word 'The Plan'." [20]

Alice Bailey skryf in haar boek *The Externalisation of the Hierarchy* dat *Lucifer* die heerser van die mensdom is.[21] Sy het in 1922 the *Lucifer Publishing Company* gestig, waarvan die naam later na 'n minder opvallende *Lucis Trust* verander is.[22]

David Rockefeller senior, wat ons politieke ondergang bewerk het, is 'n lid van *Lucis Trust.* So-ook Henry Kissenger, wat Vorster en Lang Hendrik van den Bergh se vertroueling was met die moord op dr. Verwoerd. Verder skryf Kah dat die *Council on Foreign Relations,* wat ons ondergeploeg het, deur lede van die *Lucis Trust* beheer word. *[23]*

En in Efésiërs 6 verse 10 tot 18 word ons gewaarsku:[24]

"EINDELIK, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly. Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan, en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede. Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus. En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees - dit is die woord van God - terwyl julle met alle gebede en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges".

Teen hierdie agtergrond, is dit nodig dat ons duidelikheid het oor die volgende:

Wat beteken dit om 'n Afrikaner te wees?

Dit beteken om 'n erfgenaam te wees van voorouers wat 'n deurslaggewende rol gespeel het in die voortbestaan van die ware Evangelie. Ons Nederlandse voorouers het onder andere 'n tagtigjarige oorlog gevoer teen Rooms-Katolieke Spanje en as 'n vesting van Calvinisme oorwin.[25] Hou in gedagte dat dit dieselfde Rooms-Katolieke Kerk is, wat nou ons Bybels verander om ons geloof te ondermyn; wat probeer om ons onder Roomse beheer te bring; en daarna beoog om met die ander gelowe van die wêreld te skakel.

Ons Franse voorouers, die Franse Hugenote, wat op hul beurt die Waldense as voorouers gehad het en wat dus ook óns voorouers is, het onder uiterste omstandighede die ware Evangelie bewaar teen dieselfde Rooms-Katolieke Kerk - wat hulle en die ware Bybel wou uitwis.

En ons eie voorouers, wat hulself reeds vir meer as twee honderd jaar lank as Afrikaners geïdentifiseer het, is vir byna vier eeue lank deur God bewaar teen 'n Sataniese aanslag, waarvan ons nou eers die werklike omvang begin besef.

Hoe is dit moontlik dat sommige van ons mense dit nou as 'n sonde beskou om 'n Afrikaner te wees?

Dit kom nie van God af nie!

Dit is Satan en sy volgelinge wat hier agter sit. Hulle soek ’n ondertrouery wat ’n weerlose massa moet skep, wat nie teen Satan se bedrog kan saamstaan nie. Dit word duidelik beskryf in Daniël se profesie van die laaste koninkryk in Daniël 2 verse 41 tot 43:[26]

“En dat die voete en die tone, soos u gesien het, deels van pottebakkersklei en deels van yster was - dit sal ’n verdeelde koninkryk wees … Dat u die yster gemeng met kleigrond gesien het - hulle sal deur menslike gemeenskap onder mekaar vermeng raak, maar hulle sal nie aanmekaar vasklewe nie, net soos yster nie met klei meng nie.”

Dit is presies Satan se strategie.

En ons moet die Here dank, dat Hy volgens hierdie profesie, Self hierdie koninkryk gaan vernietig.

Satan en sy volgelinge probeer ons oortuig dat enigeen wat sy eie mense in stand hou, selfsugtig is en ander benadeel.

Dit is ’n leuen.

’n Analogie is pa en ’n ma wat hul kinders versorg. Daardeur benadeel hulle nie ander gesinne en hulle kinders nie. In teendeel hul lewer ’n belangrike bydrae tot ’n gesonde gemeenskap - wat tot almal se voordeel is.

Dieselfde geld vir mense wat hul eie mense in stand hou. Gemeenskappe wat versuim om hul eie mense op te hef en te versorg, se ondergang is om die draai.

As ons, ons Christelike plig wil nakom, sal ons moet saamstaan en saamwerk, sodat ons ’n houer kan wees om die ware Evangelie te dra. Olie word in heel kruike gehou. ’n Stukkende kruik is nutteloos en word weggegooi.

Die Waldense was op ’n stadium die enigste houer wat die ware Evangelie bewaar het. Daarna het vele ander houers oorgeneem. Ek is daarvan oortuig dat die Afrikaner ’n houer gaan wees (nie noodwendig die enigste houer nie) wat die ware Evangelie gaan bewaar, juis in hierdie tyd dat die Afrikaner deur ’n wêreld verstoot word wat in verdwaasdheid agter Satan aan loop.

En verder moet ons daarteen waak dat ons nie ’n afgod van ons identiteit maak nie.

Volgens ons aanklaers is die Afrikaner iemand wat ander wil oorheers en homself ten koste van ander wil bevoordeel.

Dit is ’n valse aanklag.

Die Afrikaner, met dr. Verwoed as leier, wou dit juis nie doen nie. Die oogmerk was om Suid-Afrika op te deel in onafhanklike lande waar elke bevolkingsgroep homself regeer en sy eie lot bepaal. Weereens, Pretorius skryf dat dr. Verwoerd in die tweede sitting van September 1966 ’n wetsontwerp op die Verbod op Onbehoorlike Inmenging wou indien. Dit moes die inmenging van Blankes in die politiek van

Nie-Blankes verhoed. Die strekking daarvan was dat geen bevolkingsgroep hom met die politiek van ŉ ander mag bemoei nie.[27]

Die duiwel en sy trawante is gou om dr. Verwoerd aan te kla dat hy van plan was om ŉ klein gedeelte aan die Nie-Blankes te gee en die res vir die Blankes te hou. Maar dit is nie te sê nie. Dr. Verwoerd is vermoor voordat hy die kans gehad het om sy beleid te implimenteer en die bevolkings van Suid-Afrika die geleentheid gehad het om hul grondeise te maak.

Na die moord op dr. Verwoerd is die beheerstrukture van die Afkrikaner deur die *New Age* beweging gekaap en is die Afrikaner deur die *New Age* beweging beheer. Hoeveel van die misdrywe wat hierna aan die kapstok van die Afrikaner gehang is, is doelbewus deur die *New Age* beweging beplan?

Hierteenoor is dit die *New Age* beweging wat alle bevolkings van die wêreld wil oorheers en nie skroom om te moor en te verwoes om hul doelwitte te bereik nie. ŉ Voorbeeld is die moord op die Russiese Tsaar, Nicholas II, sy vrou, vier dogters en hul seun tydens die Russiese Revolusie. Verder het die *New Age* geskepte ideologie, Kommunisme, in die twintigste eeu tussen 85 en 100 miljoen mense doodgemaak.[28]

Die nuutste *New Age* onderneming is ŉ Derde Wêreldoorlog wat tussen die Jode en die Arabiere bewerk moet word. Die oogmerk is om die monoteïstiese gelowe uit te wis, wat insluit die Christendom, Judaïsme en Islam.[29] Hulle beplan om Christene aan die kant van Judaïsme te betrek en na verwagting ŉ herontwaakte Russiese Kommunisme aan die kant van Islam. As dié gelowe mekaar vernietig het, sal die Oosterse *New Age* gelowe, Hindoeïsme en Boeddhisme, wat intussen op die agtergrond wag en in geen georkestreerde konflik betrokke is nie, volgens plan as oorwinnaars na vore tree en die wêreldgeloof word.

Hou in gedagte dat atheïsme, wat huidiglik met Kommunisme geassosieer word, vir die *New Age* beweging ŉ "geloof" is wat ook uitgewis moet word.

Dit alles strook met Jesus Christus se beskrywing van Satan in Johannes 8 verse 44:

"… Hy was ŉ mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy ŉ leuenaar is en die vader daarvan.

So, hoekom laat die HERE toe dat Satan se moord en bedrog ongestraf voortgaan?

Moet vir geen oomblik dink dat God die skreiende ongeregtigheid in hierdie wêreld oor die hoof sien nie. Die rede hoekom God sy oordeel en straf uitgestel, is omdat daar nog mense is wat gered moet word. Openbaring 6 verse 10 en 11 sinspeel daarop:[30]

"En hulle het met ŉ groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie? En aan elkeen van hulle is wit klere gegee; en aan hulle is gesê dat hulle nog ŉ klein tydjie moes rus totdat ook hulle medediensknegte en hulle broeders wat nog gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees."

Hierin is ŉ bemoediging vir Christene wat in ŉ toenemende sataniese wêreld met skynbaar hopelose omstandighede worstel. As ŉ mens weet dat God die skreiende onreg voorlopig verduur, sodat ander

gered kan word, kry die ondraaglike, sin en betekenis. Dit gee aan die gelowige, wat andersins op die rand van wanhoop sou wyfel, begrip, deursettingsvermoë en volharding.

Hier is ook ŉ belangrike boodskap vir diegene wat Jesus Christus nie ken nie, óf Hom verwerp. Kan dit wees dat God die blatante ongeregtigheid in die wêreld voorlopig verduur, sodat ook jy gered kan word?

Maar wees gewaarsku. Daar kom ŉ dag dat God nie meer te vinde sal wees nie en Hy sy regverdige oordeel en straf sal voltrek. Diegene wat God en Jesus Christus verwerp, sal hul sin kry. Hul ergste straf sal wees om vir ewig van God verwyderd te wees. Daar sal vir hulle geen liefde, geregtigheid, getrouheid, genade of vrede wees nie. Daar sal vir hulle tot in alle ewigheid geen hoop wees nie. Hul sal, volgens hulle eie wens, vir ewig van God geskei wees.

So, waar staan ons met betrekking tot ons verhouding met Christene uit ander volke?

ŉ Duitser, ŉ Fransman, ŉ Zulu of ŉ Xhosa wat ŉ Christen is, is my broer in Jesus Christus, sonder dat ek daarop aandring dat hy sy volksidentiteit of sy verbintenis met sy mense prysgee.

Iemand wat van my eis dat ek my identiteit as Afrikaner en my verbintenis met my mense moet prysgee voordat hy my as Christen aanvaar, kom nie van die HERE af nie.

En waar staan ons met betrekking tot mense wat ons aanmekaar beskuldig en skuldbelydenisse van ons eis? Hoekom is daar nie ŉ einde van die aanklagte teen ons nie? Hoekom moet ons oor en oor tot skuldbelydenis gedwing word?

As ŉ vreemdeling na my toe sou kom en en vir my sê dat ek teen hom gesondig het, sal ek vir hom sê dat ek, in my eie opinie, meer sondig teen mense waarmee ek elke dag in aanraking kom, as teen vreemdes. Bowenal weet ek, dat ek met al hierdie oortredings en al die ander oortredings wat ek begaan, teen die HERE sondig. Ek weet wat die HERE van my vereis en as ek my weer kom kry, het ek Hom weer verontagsaam. Dat ek die HERE se toorn en straf verdien, is daar by my geen twyfel nie.

En wat doen die HERE. Sonder dat ek dit verdien, kom die HERE en red my van my eie ondergang! Hy het Jesus Christus aarde toe gestuur om in my plek gestraf te word, sodat ek kan vry gaan!

So, as ek teen iemand oortree, moet ek die persoon om vergifnis vra en my oortreding regmaak as dit moontlik is. Terselfdertyd moet ek my sonde voor die HERE bely en die HERE om vergifnis vra. En daarna is dit verby. Dan is jou oortreding so vêr van jou verwyder soos die Ooste van die Weste af - so goed asof dit nooit bestaan het nie.

En as jy hierna nog steeds aangekla word, kom dit van die duiwel af!

Hier sal sekerlik mense by hierdie verrigting wees, wat gekom het om te infiltreer en te vernietig. Julle was uiters suksesvol in die verlede. Julle het ons politieke strukture vernietig, ons kerke, ons skole, ons gemeenskapstrukture - tot die mate dat daar mense is wat dink dat die Afrikaner tot niet is. Maar voordat julle julself op die skouer klop, hou in gedagte dat julle sukses ŉ vervulling van ŉ profesie kan wees. In Openbaring 13 vers 7 en 8 is geskryf:[31]

“Dit is ook aan hom (Satan) gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin, en aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie. En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, *almal*

wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie."

Hierdie byeenkoms gaan oor die voortbestaan van die Bybel. So, as jy hier is om te verwoes, is daar slegte nuus vir jou. Jy het die HERE as jou vyand gekies.

HERE, ek bid as dit U wil is, dat Openbaring 3 verse 9 tot 11 vir ons in vervulling mag gaan:[32]

"**Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg - Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het. Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel. Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie."**

En selfs vir hulle wat hier is om te verwoes, is daar hoop. Daar is geen beperking op die HERE se genade nie. Paulus is 'n sprekende voorbeeld. Hy wat ten doel gehad het om die Christendom te vernietig, is deur die HERE tot bekering gebring en het een van dié grootste werkers ooit vir die HERE geword.

En vir diegene wat hier is, wat die HERE soek maar nog nie tot bekering gekom het nie, is dit nodig om te weet dat jy jouself nie tot bekering kan bring nie. Dit is die HERE wat jou tot bekering bring. Maar jy kan Hom vra om dit te doen. En vir diegene wat vandag hier is en die HERE soek en nog nie tot bekering gekom het nie, is daar goeie nuus. In Johannes 6 vers 44 staan geskryf:

"Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en ek sal hom opwek in die laaste dag."

So, as jy die HERE soek, is dit die HERE wat jou trek. Dan moet jy weet dat Hy reeds 'n afspraak met jou het.

Hou ook in gedagte dat onbelyde sonde afstand tussen jou en die HERE bring. Bely jou sonde teenoor Jesus Christus, wat vir jou sonde betaal het en aanvaar Hom as jou Verlosser.

En laastens wil ek graag met 'n gebed afsluit:

O Here Jesus, uit eie krag is ons magteloos; en wat ons sonder U bedink of doen kom tot niks.

Ek bid dat U ons deur U Heilige Gees besiel en rig. Dat ons in elke besluit wat ons neem, ook in ons alledaagse lewe, sal vra dat U ons voorgaan. En dat U ons geloof sterk sal maak, namate ons ervaar hoe U ons op paaie lei wat ons self nooit sou oorweeg het nie.

Ek bid dat U elkeen wat vandag hier is, wat U soek en nog nie gevind het nie, tot bekering sal bring; so-ook elkeen wat U soek en nie vandag hier is nie.

HERE steek in ons harte 'n onblusbare liefde vir U aan; en gee dat ons u liefde, geregtigheid en waarheid as 'n kosbare skat sal bewaar en uitleef.

Here Jesus, ek dra ons mense, Christen-Afrikaners en Afrikaners wat nog tot bekering moet kom, en wat volgens die wêreld geen bestaansreg het nie, aan u op. Ek bid dat U ons, soos ons voorouers, sal gebruik

om u woord en u waarheid in stand te hou, in ’n tyd dat die wêreld agter Satan aan loop; en dat ons onder U bevel, Satan se verwoesting en leuens suksesvol sal teenstaan.

HERE gee dat diegene wat ons ondergang soek, sal weet dat U ons lief het. En ek bid dat as ons die woord van u lydsaamheid bewaar, U ons sal bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom.

En HERE mag elkeen van U kinders wat vandag hier is, en die wat nie hier is nie, U vrede wat alle menselike verstand te bowe gaan, in hulle harte ervaar - wetende dat ons verhouding met U reg is, nie omdat ons dit verdien nie, maar bloot omdat U ons genadig is.

Ek bid dit in dankbaarheid in U naam Here Jesus en as dit U wil is Vader.

Amen

Notas

[1] Livesay, R. (Roy) (1986) “UNDERSTANDING THE NEW AGE: PREPARATIONS FOR ANTICHRIST’S ONE WORLD GOVERNMENT” Chichester, England: New Wine Press p 128.

[2] Ibid. p 186; Van Niekerk, Ds. F.N. (Derde hersiene en bygewerkte uitgawe, 1979) “DIE VRYMESSELARY: SY GEHEIME EN GEVARE” Pretoria, Suid-Afrika: N.G. Kerkboekhandel p 182 wat aanhaal uit Rhodes “SATANIC MASS” pp 203 - 209; Cumbey, Constance E. (1983) “THE HIDDEN DANGERS OF THE RAINBOW: THE NEW AGE MOVEMENT AND OUR COMING AGE OF BARBARISM” Shreveport, Louisiana, USA: Huntington House Inc p 252.

[3] Cumbey, Constance E. (1983) “THE HIDDEN DANGERS OF THE RAINBOW: THE NEW AGE MOVEMENT AND OUR COMING AGE OF BARBARISM” Shreveport, Louisiana, USA: Huntington House Inc p 14; “The Christ is now here” volblad advertensie in die Britse “THE TIMES” (April 24 1982) London.

[4] Cumbey, Constance E. (1983) “THE HIDDEN DANGERS OF THE RAINBOW: THE NEW AGE MOVEMENT AND OUR COMING AGE OF BARBARISM” Shreveport, Louisiana, USA: Huntington House Inc p 69.

[5] Van Niekerk, Ds. F.N. (Derde hersiene en bygewerkte uitgawe, 1979) “DIE VRYMESSELARY: SY GEHEIME EN GEVARE” Pretoria, Suid-Afrika: N.G. Kerkboekhandel pp 262 – 264, pp 70, 71 wat aanhaal uit Webster “SECRET SOCIETIES” p 323.

[6] Cumbey, Constance E. (1983) “THE HIDDEN DANGERS OF THE RAINBOW: THE NEW AGE MOVEMENT AND OUR COMING AGE OF BARBARISM” Shreveport, Louisiana, USA: Huntington House Inc pp 22, 77, 262.

[7] Gouws, Ds. Johan (1993) “STRYD OM DIE WAARHEID” Orkney: EFJS drukkers, Posbus 493, Orkney, 2620, Suid-Afrika p 463; Livesay, R. (Roy) (1986) “UNDERSTANDING THE NEW AGE: PREPARATIONS FOR ANTICHRIST’S ONE WORLD GOVERNMENT” Chichester, England: New Wine Press p 55, 68; Kah, Gary H. (Second Edition April 1999) “THE NEW WORLD RELIGION: THE SPIRITUAL ROOTS OF GLOBAL GOVERNMENT” Noblesville, Indiana, USA: Hope International Publishing Inc. p 18; Kranenborg, Dr. R. Eindredacteur “RELIGIEUZE BEWEGINGEN IN NEDERLAND 18: NEW AGE” (Nummer 18, Zomer 1989) Amsterdam: VU Uitgeverij p 9.

[8] Kah, Gary H. (Second Edition April 1999) “THE NEW WORLD RELIGION: THE SPIRITUAL ROOTS OF GLOBAL GOVERNMENT” Noblesville, Indiana, USA: Hope International Publishing Inc. p 24; Erasmus, Dr. J.C. (2003) “SKRIFGESAG: MANUSKRIPTE EN BYBELVERTALING, DEEL I” Orkney: EFJS drukkers p 233.

[9] Best, Dr. Elizabeth K. (PhD) (2003) Director of “THE SHOAH EDUCATION PROJECT: THE GALE THAT BLEW EVERY SHORE” subsection “ROOT RACE THEORY” www.shoaheducation.com/rootrace.html

[10] Aho, Barbara “THE NINETEENTH CENTURY OCCULT REVIVAL: THE LEGACY OF WESTCOTT & HORT” www.watch.pair.com/occult.html ; Erasmus, Dr. J.C. (2003) “SKRIFGESAG: MANUSKRIPTE EN BYBELVERTALING, DEEL I” Orkney: EFJS drukkers pp 224 e.v.

[11] Erasmus, Dr. J.C. (2003) “SKRIFGESAG: MANUSKRIPTE EN BYBELVERTALING, DEEL I” Orkney: EFJS drukkers p 229.

[12] DIE BYBEL (OU VERTALING) (Tiende Suid-Afrikaanse druk 1995; Eerste uitgawe 1933) Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

[13] VERKLARENDE BYBEL (NUWE VERTALING) (1983 met herformulering) Kaapstad: Lux Verbi.

[14] DIE BYBEL: NUWE LEWENDE VERTALING (2006) Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

[15] Erasmus, Dr. J.C. (2003) “SKRIFGESAG: MANUSKRIPTE EN BYBELVERTALING, DEEL I” Orkney: EFJS drukkers pp 230, 231.

[16] Ibid. pp 230, 231, 301, 302.

[17] Gouws, Ds. Johan (1993) “STRYD OM DIE WAARHEID” Orkney: EFJS drukkers pp 553, 554.

[18] Erasmus, Dr. J.C. (Tweede hersiene uitgawe 1992) “BEWAAR MY WOORD: KRITIEK OP DIE NUWE AFRIKAANSE VERTALING VAN DIE BYBEL” Orkney: Suid-Afrika: EFJS drukkers.

[19] Kah, Gary H. (Second Edition April 1999) “THE NEW WORLD RELIGION: THE SPIRITUAL ROOTS OF GLOBAL GOVERNMENT” Noblesville, Indiana, USA: Hope International Publishing Inc. p 30.

[20] Malan, Dr. Jannie “Misleidende ‘New Age Movement’ ook in SA bedrywig” “DIE KERKBKODE” (7 Julie 1989) Die Kerkbode, Posbus 1444, Kaapstad, 8000.

[21] Cumbey, Constance E. (1983) "THE HIDDEN DANGERS OF THE RAINBOW: THE NEW AGE MOVEMENT AND OUR COMING AGE OF BARBARISM" Shreveport, Louisiana, USA: Huntington House Inc p 58 wat aanhaal uit Bailey, Alice A. (1957) "THE EXTERNALISATION OF THE HIERARCHY" New York: Lucis Publishing Company p 107.

[22] Kah, Gary H. (Second Edition April 1999) "THE NEW WORLD RELIGION: THE SPIRITUAL ROOTS OF GLOBAL GOVERNMENT" Noblesville, Indiana, USA: Hope International Publishing Inc. p 30.

[23] Ibid. p 30.

[24] DIE BYBEL (OU VERTALING) (Tiende Suid-Afrikaanse druk 1995; Eerste uitgawe 1933) Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

[25] Swart, Prof. Alkmaar (1997) "DIE BOERE SE GESKIEDENIS: OM GOD IN VRYHEID TE DIEN. BOEK 2: DIE GEUSE- EN HUGENOTEVRYHEIDSTRYD" Lynnwoodrif: Oranjewerkers Promosies pp 58-64.

[26] DIE BYBEL (OU VERTALING) (Tiende Suid-Afrikaanse druk 1995; Eerste uitgawe 1933) Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

[27] Pretorius, Adv. P.J. (1996) "VOLKSVERRAAD" Mosselbaai: Libanon Uitgewers p 115.

[28] "MASS KILLINGS UNDER COMMUNIST REGIMES" http://en.wikipedia.org/wiki/Mass_killings_under_Communist_regimes

[29] Cumbey, Constance E. (1983) "THE HIDDEN DANGERS OF THE RAINBOW: THE NEW AGE MOVEMENT AND OUR COMING AGE OF BARBARISM" Shreveport, Louisiana, USA: Huntington House Inc pp 255, 256; Kranenborg, Dr. R. Eindredacteur "RELIGIEUZE BEWEGINGEN IN NEDERLAND 18: NEW AGE" (Nummer 18, Zomer 1989) Amsterdam: VU Uitgeverij p 61.

[30] DIE BYBEL (OU VERTALING) (Tiende Suid-Afrikaanse druk 1995; Eerste uitgawe 1933) Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

[31] Ibid.

[32] Ibid.